NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N TELEFOONKONFERENSIE VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 15 MAART 2007 OM 21:00

1. OPENING

1.1 Ds Hansie Schutte heet almal welkom en open met gebed.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen - Verskoning
Ds M van Niekerk
Ds PL Louw
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 B-Net - op uitnodiging

Ds BIC Steyn

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

3.1 Die volgende nuwe sake word op die sakelys geplaas:

Pt 6.2 Retraite vir Vroue
Pt 6.3 Ink vir Fotostaatmasjien
Pt 6.4 Plek volgende SK-vergadering - 19 April 2007

4. NOTULES EN BYLAE VAN DIE SKDV

4.1 SKDV Notule 19 Februarie 2007

4.1.1 Bylaag A - Diensaanbod aan DW Mouton

4.1.2 Bylaag B - Posontleding DB

4.1.3 Besluit:
Kennis geneem van die notule en bylae.

4.2 SKDV Notule 22 Februarie 2007

4.2.1 Bylaag A - Eerste skrywe van DW Mouton (20070221)

4.2.2 Bylaag B - Eerste skrywe SKDV aan DW Mouton (20070222)

4.2.3 Bylaag C - Hersiene Diensaanbod aan DW Mouton (20070222)

4.2.4 Bylaag D - Tweede skrywe van DW Mouton, versoek om uitstel (20070223)

4.2.5 Besluit:
Kennis geneem van die notule en bylae.

4.3 SKDV Notule 1 Maart 2007

4.3.1 Bylaag A - Derde skrywe van DW Mouton, voorstelle (20070227)

4.3.2 Bylaag B - Tweede skrywe SKDV aan DW Mouton (20070301)

4.3.3 Besluit:
Kennis geneem van die notule en bylae.

4.4 SKDV Notule 9 Maart 2007

4.4.1 Bylaag A - Vierde skrywe van DW Mouton (20070309)

4.4.2 Besluit:
Kennis geneem van die notule en bylae.

5. SAKE UIT DIE SKDV-NOTULES

5.1 SKDV 9 Maart 2007

5.1.1 Verloop en uitkomste van die aanstellingsproses (pt 3.2.1.2)

5.1.1.1 Chris van Wyk lig die notules, die volledige diensaanbod en die skriftelike reaksies van ds DW Mouton met reaksie soos deur die SKDV voorsien, vir die vergadering toe.

5.1.1.2 Bespreking word gevoer.

5.1.1.3 Besluit:
***1 SKDV se verslag word aanvaar, met erkenning dat die kommissie binne sy mandaat gehandel het.**
***2 Die SK-Dagbestuur gee opdrag dat die SKDV voorstelle op skrif stel, met die oog op sirkulasie onder dagbestuurslede, sodat 'n voorstel aan die SK-vergadering van 19 April 2007 oor die pad vorentoe geformuleer kan word.**
***3 Die SK-Dagbestuur aanvaar ds DW Mouton se bedanking van die pos soos geadverteer.**

5.1.1.4 Telefoniese kontak word op hierdie stadium met die voorsitter, Hansie Schutte, verloor. Dit is reeds vroeër met die onder-voorsitter en voorsitter van die SKDV, Chris van Wyk, onderbreek. Dr Schalk du Toit neem verder as voorsitter waar.

5.1.1.5 Besluit:
Die volgende sake op die sakelys, soos deur die SKDV volgens sy notule van 9 Maart 2007 aan die SK-Dagbestuur voorgelê, word na die Sinodale Kommissie verwys:
***1 Postestruktuur (pt 3.2.1.3.1);**
***2 Posbeskrywing (pt 3.2.1.3.2);**
***3 Vergoedingspakket (pt 3.2.1.3.3).**

5.1.2 Interimreëlings - uitkoop van tyd (pt 3.2.1.1)

5.1.2.1 Besluit:
Die SKDV se voorstel van 'n aanpassing van 6% op die tariewe van die vorige boekjaar word as 'n aanbod aan die kerkrade van PE-Hoogland en Joubertina deurgegee, met vermelding dat dit 'n interimreëling verteenwoordig in die lig van die SK se proses om 'n permanente reëling te tref.

5.1.3 SKDV Notule 1 Maart 2007

Geen sake word hanteer nie.

5.1.4 SKDV Notule 22 Februarie 2007

Geen sake word hanteer nie.

5.1.5 SKDV Notule 19 Februarie 2007

Geen sake word hanteer nie.

6. ANDER SAKE

6.1 Ontmoeting NG Kerk in Afrika

6.1.1 Die saak staan oor aangesien Hansie en Chris, wat hierby betrokke is, nie langer telefonies ingeskakel is by die vergadering nie. Die skriba sal dit met hulle opneem.

6.2 Retraite vir Vroue

6.2.1 Ds Elsje Büchner versoek dat die sinode R4,000 begroot vir 'n retraite vir vroue-predikante in Augustus. Daar word versoek dat die sinode 'n manlike en vroulike leraar na die retraite afvaardig.

6.2.2 Besluit:
Die saak staan oor na die volgende SK-vergadering.

6.3 Ink vir faksmasjien

6.3.1 Kennis geneem dat die aankoop van ink vir ds Mouton se fotostaatmasjien reeds in die proses van afhandeling is.

6.4 Plek volgende SK-vergadering - 19 April 2007

6.4.1 Die sinodale kantoor word versoek om sover moontlik te reël met 'n gemeente in Uitenhage dat die SK-vergadering van 19 April daar plaasvind.

6.4.2 Dr Schalk du Toit maak verskoning vir die vergadering van 19 April en versoek dat ds Willie van Zyl in sy plek na die vergadering opgeroep word.

7. AFSLUITING

7.1 Ds Rethie van Niekerk sluit met gebed af.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuursvergadering van:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: